# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 16 AUGUSTUS 2026

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons bid in dankbaarheid vir die vroue in ons gemeente en ons dra hulle aan die Here op waar hul uitdagings beleef.*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Sleutelteks: Matteus 16:13-20**
**Ander tekste: Eksodus 1:8–2:10; Psalm 124; Romeine 12:1-8**

**SONDAG, 16 AUGUSTUS**

**TWAALFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**
**VROUESONDAG**

09:00 Oggenddiens
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Vrouebegeleiding
Vrouedankofferinsameling
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

**Na afloop van die erediens**

- Senior Kategese

**GEEN** Gemeentetee

**MAANDAG, 17 AUGUSTUS**

19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

**DINSDAG, 18 AUGUSTUS**

09:30 Senior Burger Bybelstudie

**WOENSDAG, 19 AUGUSTUS**

09:30 Vroue Bybelstudie

**DONDERDAG, 20 AUGUSTUS**

DE EIKE BLOMMETOER

**Sopkombuis**
**Sopkokers:** Carina De Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder, Heléne Steenkamp, Suzette Engelbrecht, Delean Coetzee

**Sop warm maak beurt:** Delean Coetzee

**VRYDAG, 21 AUGUSTUS**

DE EIKE BLOMMETOER

| SATERDAG, 22 AUGUSTUS | |
|---|---|
| | DE EIKE BLOMMETOER |
| 17:00 | Sop en Soetes aand |
| **SONDAG, 23 AUGUSTUS** | |
| | **DERTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**<br>**BYBELSONDAG** |
| 09:00 | Oggenddiens<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Gideons<br>Erediensspan 3 – Elda van der Merwe |
| | **Na afloop van die erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**VROUEBEGELEIDING**

Die Vrouebediening Wes-Kaapland wil gemeentes help om veilige ruimtes te skep waar gelowige vroue oor generasies en ander grense heen verenig kan word, sodat ons binne die kerk en samelewing kan floreer.

Ons fokus tans op spiritualiteit- en leierskapontwikkeling van vroue, asook hulp aan gemeentes, stem vir gelykwaardigheid teen onreg en misbruik en ommuknikasie met vroue.

# GEMEENTENUUS

1. Annie Engelbrecht se kleindogter, Lea Engelbrecht, is verkies tot die SA gimnastiekspan.
2. Gawie Greeff het ‘n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
3. Erica Taljaard se man, Piet, het ‘n operasie ondergaan en is tans in die hospitaal.
4. Petrus Verster se operasie het goed afgeloop en sterk tuis aan.
5. Petrus en Danielda Verster se dogter, Jané, het deelgeneem aan die WP gimnastiek kampioenskap. Sy het ‘n goue medalje gekry asook ‘n prys vir die hoogste telling tydens die kompetisie.
6. Annie Engelbrecht het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
7. Helen Lintvelt is in die hospitaal.
8. Pieter Gresse sterk aan nadat hy in die hospitaal was.
9. Luci Mulder se broer, Johan de Beer, is in die hospitaal.
10. Nico Nel gaan die komende week in vir lensvervangings.
11. Marieta Oliver se dogter, Robin, sterk aan na ‘n breinoperasie.
12. Monica Moore sterk tuis aan na sy ‘n pasaangeër gekry het.
13. Silvia Lötter het geval en is in die hospitaal.



# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kerkraadsvergadering van 26 Augustus 2026 verskuif na Donderdag 17 September 2026.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



16/08 Christine van der Merwe, Albert Marais, Marlene Kruger, Hanlo Naude
17/08 Mattie Oosthuizen, Monique Penderis, Marisa Gobregts
18/08 Susan Weber, Jeanru van der Merwe, JG Nel, Johnny MacArthur, Zylan de Bod, Ria Groenewald, Gerrit van Wyk
19/08 Esli Triegaardt, Anita Jacobs, Mike Hagen, Francois Jonker, Joyce Barnard, Mieke Nel, Louisa Steyn
20/08 Adam Clark, Hannah Neethling, Leané Verster
22/08 Elize Mulder(81), Esther van Eeden

# JEUG

## Kleuterkerk:

- Indien daar speelgoed, leesboeke of legkaarte by die huis rondlê wat jul kinders ontgroei het, oorweeg asseblief om dit vir die Jeugbediening te skenk sodat dit in die Kleuterkerk en/of Moederskamer aangewend kan word. Dit kan deur die week by die kerkkantoor gegee word of Sondae by die Kleuterkerk. Kontak asb vir Joline (Kleuterkerk Koördineerder) 073 137 8995

- Ons nooi graag enige 2-6 jariges (insluitende Gr R leerders) uit om aan te sluit by die Kleuterkerk wat tydens die eredienste aangebied word in die klaskamer op die verhoog. Vir enige navrae, kontak gerus Joline @ 073 137 8995

# Gryp elke grasHolm

*Gryp elke grasHolm!* gaan oor die silwer randjie van elke donker wolk. Elke stukkie sleg het 'n stukkie snaaks. Marion Holm wil vir die gehoor gee wat almal nodig het: *hoop, humor en harmonie*. Die wêreld is tans deurmekaar; ons moet maar self die komedie maak en die lag skep. *Gryp elke grasHolm* kan jou dalk net help in hierdie soektog na snaaks, sagtheid en sin. In dié nuwe eenvrouvertoning, doen Marion Holm wat sy altyd doen: komedie met 'n groot hart.




| | |
|---|---|
| **Datum:** | 29 Aug 2026 |
| **Tyd:** | 18:00 |
| **Plek:** | NG Gemeente Kuilsrivier (Van Riebeeckweg 51) |
| **Koste:** | vanaf R160pp |

**Kaartjies is beskikbaar by die kantoor en na die erediens,**
**asook by *Quicket.***
[https://www.quicket.co.za/events/377189-gryp-elke-grasholm/#/](https://www.quicket.co.za/events/377189-gryp-elke-grasholm/#/)

# SANGFEES




# SOP EN SOETES 2026

## Gemeentekuier – Sop en Soetes 2026

Kom kuier saam vir 'n gesellige aand van lekker kos, goeie geselskap en rugby! Nooi jou familie, vriende en bure en geniet 'n heerlike warm sop met vars brood, 'n glasie soetwyn, koffie, tee en 'n smaaklike nagereg.

Terwyl die rugby uitgesaai word, is daar genoeg tyd om saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Bring gerus jou eie drinkgoed vir die rugby en kom geniet 'n aand van ware gemeente-gemeenskap.


📅 **Datum:** 22 Augustus 2026
🕔 **Tyd:** Vanaf 17:00
📍 **Plek:** NG Kerk Kuilsrivier-De Eike – Kerksaal
💵 **Koste:** R50 per persoon

**Kaartjies is elke Sondag ná die erediens in die kerksaal, of gedurende die week by die Kerkkantoor beskikbaar.**

Ons sien daarna uit om saam met jou en jou gesin te kuier. Moenie uitmis nie – koop gerus jou kaartjie vroeg!

# BYBELS TE KOOP

Die Bybelgenootskap het vir Augustus – VROUEMAAND – ‘n spesiale aanbieding op die volgende Bybels.



- 2020 vertaling – wit leeromslag met duimdrukke
  normale prys R520, beskikbaar teen R301

- 2020 vertaling – bruin leeromslag met duimdrukke
  normale prys R630, beskikbaar teen R220

Ander Bybels, insluitende grootdruk uitgawes is ook beskikbaar teen 30% afslag. Die onderskeie pryse is by die kerkkantoor beskikbaar.

Kontak of besoek Mariana om ‘n bestelling te plaas teen 20 Augustus 2026.

Betaling vind eers plaas by ontvang.

Ideale Kersgeskenke – bestel vroegtydig.

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE**

Hartlike dank aan elkeen vir bydraes tot hierdie projek. Die lewe raak regtig duur en daar is gesinne in ons gemeente wat nou kan doen met ‘n hupstoot. Ons bedien tans vier punte. Elke bydrae, hoe klein ook al, word baie waardeer. Finansiële bydraes is ook welkom.

Ons kort tans die volgende produkte :

- langlewemelk
- *idealmelk*
- kondensmelk
- vla
- droë bone / ertjies
- *mince mate*
- blikkies ertjies / mielies / groenbone
- blikkies vleis
- sardyne
- marmite




Nogmaals baie dankie vir elke bydrae.

Mandjie groete

# PREEKSKETS - SONDAG

**Tema: Suurdeeg van die Koninkryk**



**Prediker:** Ds Johan Janse van Rensburg

**Skriflesing:** Matteus 13:33

Matteus 13 is deel van ’n groter gedeelte waarin Jesus verskillende gelykenisse vertel om iets van die koninkryk van God aan sy dissipels en die skare te verduidelik. Wanneer Jesus vir mense van die koninkryk van God vertel, sou ons dalk verwag dat Jesus die koninkryk met iets baie groter en indrukwekkend vergelyk.

’n Magtige koning met ’n groot paleis. ’n Leër wat oorwin. ’n Groot stad met indrukwekkende mure. Iets wat almal kan sien en waaroor niemand kan twyfel nie. Dit sou definitief die verwagting van die dissipels en die skare wees. Maar Jesus gebruik alledaagse dinge wat mense in daardie tyd goed geken het – ’n saaier wat saad saai, onkruid tussen die koring, ’n mosterdsaadjie en selfs suurdeeg. Hy gebruik nie groot, ingewikkelde teologiese begrippe nie. Deur hierdie gewone en buitengewone te gebruik, wil Jesus vir ons iets baie belangrik leer oor hoe die koninkryk van God werk. God se Koninkryk is radikaal anders.

In ons gedeelte kies Jesus iets klein, iets wat maklik misgekyk kan word. Hy sê: “Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg.” En daarmee wys Jesus vir ons dat God se koninkryk dikwels op maniere werk wat nie noodwendig indrukwekkend lyk nie. Dit begin klein. Dit werk stil. Dit gebeur dikwels onder die oppervlak. Maar wanneer God se koninkryk aan die werk is, verander dit uiteindelik alles wat dit aanraak.

Dit maak Jesus se gelykenis besonder verrassend. Hy vertel van ’n vrou wat hierdie suurdeeg neem en dit “verberg” in drie mate meel. Hy gebruik nie die gewone beeld van iemand wat eenvoudig deeg meng nie. Die suurdeeg word in die meel weggesteek. Vir die mense wat na Jesus geluister het, sou daar iets vreemds, selfs ietwat ontstellend, aan hierdie gelykenis gewees het. Dat die vrou “drie mate” meel gebruik sou ook die wenkbroue laat lig het, dit was genoeg om brood te bak waarmee meer as 100 mense gevoed kan word. Jesus probeer die dissipels, die skare en vandag vir ons iets deur hierdie konfronterende beeld leer.

Hy het ons as gelowiges en ons as kerk nie geroep om langs die wêreld te staan en daarna te kyk nie. Hy het ons gestuur om binne die wêreld te leef en ‘n verskil te maak.